Die Voortrekkers

OMSENDBRIEF 1/2018

22 Januarie 2018

Beste Offisiere

Voorwoord 2018

AGL Johan Maree

Welkom 2018, welkom ‘n nuwe jaar, nuwe uitdagings, maar ook nuwe geleenthede. Mag elkeen van julle ‘n fantastiese jaar beleef en net meer vriende maak, Voortrekkervriende.

Met die laaste stuiptrekkings van 2017 gaan kamp ek by een van ons pragtige terreine met die idee om bemarkingsfotos te neem, onder andere deur die nag. Die windjie wil egter net nie gaan lê nie en ek wag tot laataand, maar heelaas die wind waai net sterker. Ongelukkig is dit die seisoen wat die wind mos waai, so dit is nie ‘n snaakse verskynsel nie. Ek kry nie regtig waarna ek soek nie en besluit om op ‘n volgende keer weer te probeer. Drie dae na die Nuwejaar pak ek vol hoop my karretjie en ry kampterrein toe. Weereens wind, wind, wind. Ek steek maar ‘n vuurtjie aan (binnenshuis met geen brandgevaar) en hoop die wind sal gaan lê. Teen middernag is daar nog geen teken van windstilte en ek gee op en gaan lê. Ongelukkig is slaap toe nie vir my beskore nie. Ek wroeg deur die oggendure met warm weer en ‘n weermag muskiete wat, volgens my, daarop uit is om my persoonlike liggaam leeg te drink of weg te dra. Teen half twee kan ek nie meer nie en besluit om buite toe te gaan en op ‘n manier weg te kom van die plaag. Ek kom buite en sien..... nie ‘n blaartjie wat roer nie. Doodstil omstandighede waarvoor ek gehoop het. Ongelooflik...ek kan die fotos neem wat ek wou.

Dit het my laat dink en weereens laat besef God is in beheer. As dit nie vir daardie muskiete was nie, sou ek nooit uitgegaan het en die windstilte ervaar het nie. Al my negatiewe gedagtes en ervarings is omskep in ‘n positiewe geleentheid toe die tyd reg was.

Dit is so maklik om altyd net die negatiewe raak te sien en swaarmoedig te wees oor die toekoms. Dinge wil dalk net nie uitwerk nie. Waar gaan ons lede kry om te groei; waar gaan die finansies vandaan kom; waar gaan ons volwasse lede kry? Alles vrae waarmee ons as offisiere worstel, maar byt vas. Iets positief lê om die draai. Moenie moedeloos raak nie, vertrou en dinge sal gebeur op die regte tyd. Die mens wik, maar God beskik.

“n Uitstekende jaar word almal toegewens. Kom ons neem die Voortrekkers vorentoe!

Gebiedsleier aan die woord

Voorspoed vir 2018! Die jaar het weereens op ‘n drafstap begin en die eerste gebiedsdagbestuursvergadering is alreeds agter die rug. Ons het van die geleentheid gebruik gemaak om bietjie saam te droom oor Kaaplandse Voortrekkers en dit was werklik ‘n spesiale ervaring om te sien hoe elke lid van Kaaplandse dagbestuur ‘n besondere droom vir sy/haar portefeulje het en ook vir Kaaplandse Voortrekkers. Hierdie groep offisiere (Juanine Kok, Johan Minnie, Lizle van Tonder, Hannalize Varley,

Plattekloofweg /2 Diazlaan
MONTE VISTA
7460

079 178 6858 / 021 558 7706
kplvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

Gebiedsleier: Anton Erwee, Gebiedsekretaris: Juanine Kok,
Adjunkgebiedsleiers: Johan Minnie, Johan Maree,
Hannalize Varley, Lizle van Tonder, Riana Breytenbach

Riana Breytenbach en Johan Maree) is ‘n ongelooflike span en ek is namens Kaapland baie opgewonde om te sien wat hierdie span oor die volgende termyn gaan bereik.

Een van die deurlopende temas in die drome vir Kaaplandse Voortrekkers is ‘n tevrede en gelukkige offisiere korps. Sonder volwassenes kan Die Voortrekkers nie bestaan nie. Ek wil u daarom uitnooi om my te kontak indien u enige voorstelle het vir Kaaplandse Voortrekkers.

Die ander kwessie wat vir my ook na aan die hart lê is die kwessie van groei. Kaapland het vir die afgelope twee termyne daarna gestreef om meer lede te wees as die jaartal. Die vorige Gebiedsdagbestuur het aan die einde van hulle termyn hierdie teiken verbygesteek. Ek wil graag die uitdaging rig aan elke Oordleier, Kommandoleier en spanoffisier dat ons mik vir ‘n ledetal van 2 500 aan die einde van hierdie termyn. Ek sal (DV) tydens die Gebiedsbestuursvergadering ‘n werkbare plan opstel in samewerking met die Oordleiers.

Sterkte met elke aktiwiteit wat hierdie kwartaal aangebied word. Ek sien uit na ‘n kwartaal vol pret, plesier en lekker leerervaringe!

Hoe Koers,
GL Anton Erwee

1. Administrasie, Organisasie en Kommunikasie

AGL Juanine Kok

1.1 Kaapland 2018 Jaarprogram

As bylae A tot die omsendbrief – Kaapland Jaarprogram 2018 konsep 2.

1.2 Kaapland Kwartaalprogram 1

Die Voortrekkers Kaapland Jaarprogram 2018			
Maand	**Dag**	**Datum**	**Aktiwiteit**
Januarie	Ma	1	Nuwejaar
	Ma	8	Hoofkantoor en Voortrekkerdepot open
	Di - Do	9 - 11	OK - Baasverkenner Konferensie
	Do - So	11 - 14	OK - Verkenner Keurkamp - Gr 12 Gebiedskamp
	Vr - So	12 - 14	OK - Offisiere Afskopkamp
	Vr - So	12 - 14	VOLLE GEBIEDSDAGBESTUURSVERGADERING
	Ma	15	Gebiedskantoor open
	Wo	17	Skole open
	Sa	20	WK P/D Taakgroep Vergadering
	Vr - Sa	26 - 28	Hoofdagbestuur
	Sa	27	WK - Offisiere Avontuur
Februarie	Vr - So	9 - 11	KAAPLAND VOLWASSE OPLEIDING: Spanhantering, Bestuur, Afrikanerlewe
	Wo	21	GEBIEDSDAGBESTUURSVERGADERING - ADMIN
Maart	Vr - So	2 - 4	OK - Volwasse Kursusnaweek: See Verryking
	Vr - Sa	2 - 3	Verkenner Vlotvaart
	Wo	7	Provinsiekoördineringsvergadering - Telefonies
	Vr - Sa	9 - 10	WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 4 - Plantekennis
	Vr - Sa	9 - 10	WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 5 - Plaaslewe
	Vr - So	9 - 11	WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 6 - Sterrekunde
	Vr - So	9 - 11	WK - P/D Spesialisasie Naweek - Graad 7 - Medemens
	Sa	10	WK - P/D Spesialisasie Dag - Graad 1 - Ek Weet

	Sa	10	OK - P/D Spes dag
	Vr-So	16 - 18	WK - Verkenner Jeugberaad
	Vr - So	16 - 18	GEBIEDSBESTUURSVERGADERING
	Wo	21	Menseregtedag
	Sa	24	WK - P/D Gebiedskamp Beplanningsvergaderig
	Wo	28	Skole Sluit
	Vr	30	Goeie Vrydag
	So	31	Paasnaweek
April	Ma	2	Gesinsdag
	Ma - So	2 - 8	OK - P/D Gebiedskamp - Graad 7 - Medemens & Strandbewustheid
	Ma - So	2 - 8	OK - Boknes Verkennerkamp - Graad 8 - Roeikunde & Seekunde
	Ma - So	2 - 8	OK - Boknes Verkennerkamp - Graad 9 - Strandvernuf
	Ma - So	2 - 8	OK - Boknes Verkennerkamp - Graad 10 - Afrikanergeskiedenis & Voetslaner
	Ma - So	3 - 8	OK - Graad 11 - Selfbehoud
	Ma - So	2 - 8	OK - Graad 12 - Kern - en Buitegroep
	Ma - So	2 - 8	Volwasse Opleiding - Veldwerk
	Do - So	5 - 8	WK - P/D Gebiedskamp - Graad 3 - Jnr. Paraatheid & Spoorkennis
	Do - So	5 - 8	WK - P/D Gebiedskamp - Graad 4 - Noodhulp & Groepspele
	Do - So	5 - 8	WK - P/D Gebiedskamp - Graad 5 - Boeresport & Brandweer
	Do - So	5 - 8	WK - P/D Gebiedskamp - Graad 6 - Spoorsny & Seremonies / Redding
	Do - So	5 - 8	WK - P/D Gebiedskamp - Graad 7 - Afrikanerkind
	Do - So	5 - 8	WK - Gr 12 Bakenkamp

1.3 SAS – Sentrale Administrasie Stelsel

a) Oordrag van SAS regte vir 2018:
SAS regte vir 2018 is reeds oorgedra aan die betrokke AOL Admin en AKL Admin. Die betrokke stelseladministrateurs moet die regte van die betrokke dagbestuur oordra.

- Die AKL Admin met KSA regte, dra die 2018 regte (posisies en lidmaatskap) oor aan elke volwasse lid en jeuglede (indien die spanoffisier nie help met oordrag van jeuglede nie). Onthou om spanoffisiere se regte as Spanoffisier, regte as SSA of ASA en indien op die kommandodagbestuur dien, daardie posisies ook te laai.
- Die AOL Admin met OSA regte, dra die 2018 regte (posisies) oor aan elke oorddagbestuurslid. Onthou om die posisie as dagbestuurslid ook aan te dui.

b) Opdatering van persoonlike inligting:
Elke geregistreerde SAS gebruiker word versoek om die inligting onder die webprofiel op te dateer. Maak asseblief seker dat die korrekte e-posadres en kontaknommer aangedui is.

Indien daar volwasse lede is wat nog nie oor ‘n webprofiel beskik nie, moet die betrokke KSA toesien dat die webprofiel geskep word.

c) SAS navrae:
Enige navrae oor SAS moet asseblief eerste verwys word na die betrokke sekretaris. Byvoorbeeld:

- Indien ‘n spanoffisier ‘n probleem ondervind of enige navrae het, verwys dit eerste na die betrokke AKL Admin / KSA.
- Indien die AKL Admin / KSA ‘n probleem ondervind of enige navrae het, verwys dit eerste na die betrokke AOL Admin / OSA.
- Indien die AOL Admin / OSA ‘n probleem ondervind of enige navrae het, verwys dit eerste na die AGL Admin / GSA.

Indien probleme steeds ondervind word, is u welkom om vir my of die Gebiedskantoor te kontak.

d) Inskrywings op SAS:
'n Vriendelike herinnering om alle inskrywings vir kampe en aktiwiteite op SAS oor te doen.

1.3 Lederegistrasies 2018

Hiermee 'n ernstige beroep aan alle Voortrekkerkommando's dat die registrasieproses op die laatste teen 30 April na Gebiedskantoor afgehandel sal wees. Kommunikeer nou reeds aan jou eie lede 'n vroeër datum vir registrasie (nodige invordering van vorms en registersasiegelde) om die invorderingslas vir die AKL Admin te vergemaklik.

Maak asseblief seker dat die 2018 ledelys ooreenstem met die registrsaiegelde wat aan Gebiedskantoor oorbetaal word. 'n Opsomming van registrasiebetalings moet saam met die bewys van betaling aan die Gebiedskantoor gestuur word teen nie later nie as die sperdatum van 28 April 2018.

Ter herinnering:

a) Registrasiegeld is onmiddellik betaalbaar met aansluiting vir nuwe lede. Vir bestaande lede wat lidmaatskap voortsit in die volgende jaar, kan dit reeds vanaf 1 November betaal word, maar nie later as 30 April van die daaropvolgende jaar nie.
b) Nuwe voornemende lede mag slegs vir 1 maand aan plaaslike aktiwiteite deelneem waarna aansoek om lidmaatskap gedoen moet word en registrasiegeld betaalbaar is.
c) Voormalige lede wat lidmaatskap voortsit moet 'n voortsettingsvorm onderteken en registrasiegelde vir die betrokke jaar betaal voor of op 30 April.
d) Niemand mag aan aktiwiteite van Die Voortrekkers buite die plaaslike gemeenskap (op kommandovlak) deelneem alvorens registrasiegelde oorbetaal is aan die Gebiedskantoor nie.
e) Registrasiegelde is nie terugbetaalbaar nie. Die Voortrekkers se vaste deurlopende uitgawes strek oor 'n volle 12 maande. 1 November is die begin van 'n finansiële jaar en strek tot 31 Oktober van die daaropvolgende jaar.

Tydskaal vir registrasie en lidmaatskapbetalings:
Hiermee 'n tydskaal rakende registrasie en lidmaatskapbetalings om die proses beter te verstaan en te volg:

Datum: 2018	**Aktiwiteit**	**Verantwoordelik**
11 Nov – 15 Apr	Kommando's ontvang registrasiegelde vanaf geregistreerde lede vir 2018	AKL Finansies AKL Admin
20 Jan - 28 Feb	Verspreiding en invordering van Voorsettingsvorms vir bestaande lede deur kommando's.	AKL Admin
Voor 30 Apr 18	Registrasie van alle lede en deregistrasie van ou lede afgehandel op SAS. Liasseer L1 en L2 vorms by kommando na registrasie van nuwe lede.	AKL Admin
Voor / teen 30 Apr	Oorbetaling van registrasiegelde vanaf kommando's aan die Gebiedskantoor ooreenkomstig lidmaatskapbetalings op SAS aangedui.	AKL Finansies AKL Admin
30 Apr	Sperdatum vir lidmaatskap toevoegings vir 2018 op SAS deur kommando's.	AKL Admin

1 – 14 Mei	Rekonsiliasie van registrasiegeld deur Gebiedskantoor. Kontroleer SAS dienooreenkomstig.	Gebiedskantoor
1 - 14 Mei	Gebiedskantoor kontroleer registrasiegeld ontvang met ledelys.	Gebiedskantoor
7 - 21 Mei	Gebiedskantoor stuur betalingsopsomming tesame met lys van lede wat op SAS geregistreer is wat betaald aangedui is, aan kommando's.	Gebiedskantoor
7 - 21 Mei	AKL Admin en AKL Finansies rekonsilieer lys soos ontvang vanaf Gebiedskantoor en finaliseer proses.	AKL Finansies AKL Admin
31 Mei	Finale oorbetaling van registrasiegelde aan Hoofkantoor	Gebiedskantoor AGL Finansies

Voortsettingsvorms vir bestaande lede:
'n Herinnering dat elke bestaande lid van Die Voortrekkers 'n Voortsettingsvorm tesame met die Lidmaatskapbrosjure vanaf die kommando moet ontvang, wat voltooi en teruggestuur moet word vir opdatering op SAS en kommandorekords. Die vorm bevat kontakbesonderhede van elke lid, soos reeds gelaai op SAS. Wysigings van besonderhede word dan hier gedoen.

Die vorm is verkrygbaar in die vorm van 'n verslag op SAS:
http://www.houkoers.co.za/Algemeen/Verslae/Lid-Data-Nuwe-Jaar

L1 en L2 Lidmaatskapvoms:
Die nuutste vorms, soos op SAS verkrygbaar, moet asseblief gebruik word, wat tesame met die Lidmaatskapbrosjure aan nuwe lede versprei word. Die korrekte vorms, met die jaartal 2018, is beskikbaar by http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Vorms

1.6 Beplanning en beheer van tydskale vir 2018

Neem asseblief kennis van die Tydskale vir 2018 soos uiteengesit in Bylae B. Sperdatums met betrekking tot indiening van aansoeke om toekennings en diensjaar kentekens is onder andere daarin uiteengesit.

1.7 Kontakbesonderhede aan Gebiedskantoor

'n Vriendelike herinnering om enige wysigings van kontakbesonderhede aan die Gebiedskantoor te kommunikeer. Dit is belangrik dat die Gebiedskantoor die nuutste kontakbesonderhede het ten einde seker te wees dat inligting die korrekte persone bereik. Kommandosekretarisse word versoek om die Gebiedskantoorbestuurder hiermee te help.

1.8 Voortrekkerdrag

Met die oog op bemarking en sigbaarheid in die gemeenskap is dit belangrik dat Voortrekkerdrag korrek gedra word, soos omskryf in die Voortrekkerdrag Reglement. Raadpleeg gerus die reglemente en Voortrekkerdrag dokumentasie onder:
http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur

Net 'n herinnering: aktiewe / informele drag vir alle lede is die Voortrekker gholfhempie by 'n donkerblou lang- of kortbroek of romp (vir dogters/dames), verkieslik van denim materiaal.
Kom ons volwassenes stel 'n mooi voorbeeld vir ons jeuglede en dra ons Voortrekkerdrag korrek en met trots.

Die dokument "Prosedure vir die borduur van die Voortrekkerwapen en naam "Die Voortrekkers" op Aktiewe Voortrekkerdrag deur besighede buite die Voortrekkerdepot se verskaffers", is reeds in Junie 2015 gekommunikeer. Die dokument is beskikbaar by:
https://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur en aangeheg as Bylae C.

Hiermee 'n ernstige beroep op kommando's wat reeds in die proses is om aktiewe Voortrekkerhempies te vervaardig uit eie beweging, om die prosedure te volg en aansoek te doen daarvoor.
Indien daar enige navrae oor Voortrekkerdrag is, kontak my gerus.

Ek wens alle kommandobesture voorspoed toe met die eerste kwartaal en die administrasie wat daarmee gepaard gaan. Mag ons geseënd wees met groot getalle in ons kommando's vanjaar.

Voortrekkers Vorentoe!

2. Penkoppe en Drawwertjiesake

AGL Riana Breytenbach

Ek wonder soms wie het besluit dat 'n jaar afgesluit moet word, sodat dit net 'n maand later weer geopen moet word. Maar nou ja... 'n mens moet ook afskakel en ek hoop dat elke offisier die geleentheid gehad het om 'n bietjie af te skakel en te rus sodat u met nuwe moed en nuwe krag die uitdagings van 2018 tegemoet kan gaan. Mag 2018 vir jou 'n baie lekker jaar wees waarin jy as offisier verryk sal word.

2.1 Doelwitte van die Penkop en Drawwertjie gebiedskomitee

Die komitee se doelwitte vir 2018 kan as volg kortliks opgesom word:
Voortrekkers moet lekker wees - vir almal, jeuglede en offisiere, ons moet sigbaar en betrokke wees in ons gemeenskappe. Jeuglede moet deur goedgebalanseerde aktiwiteite gelei word tot leiers van hul eie lewe en die waardestelsel van die Voortrekkers deel maak van hulle eie lewens sodat hulle deur woorde en dade kan getuig. Voortrekkers moet WOW wees en herinneringe skep wat vir jare in ons jeuglede se harte sal bly. Voortrekkers moet op almal se lippe wees!

2.2 Administrasie

SAS: Maak asseblief seker dat al die jeuglede se data korrek ingevoer is op SAS. U moet ook onder toekennings die jeuglede se jare diens toekenning asook die graadwiel toekenning laai. Hierdie inligting is belangrik wanneer jeuglede inskryf vir Voorslag.

Gebiedsgoedkeuringsaansoeke: Aanbieders van P/D aktiwiteite en kampe, neem asseblief kennis van die aansoekvorm wat op Kaapland se webblad gelaai is. Hierdie vorm moet gebruik word vir alle aansoeke vir gebiedsgoedkeuring van P/D aktiwiteite of kampe in Kaapland.

Een van die take van die Gebiedskomitee is om toe te sien dat die vereistes van spesialisasies nagekom word. Daar was in die verlede offisiere wat baie ongelukkig was omdat 'n volledig uitgewerkte kampprogram aangevra is. Volledig uitgewerkte kampprogramme is die enigste manier om te verseker dat daar aan al die vereistes van spesialisasies aandag gegee is. Daarom vra ek dat u asseblief deeglike kampprogramme saam met u aansoek vir gebiedsgoedkeuring sal instuur. U kan met reg vra, hoe kontroleer mens dit wat op papier staan? Daar maak ons staat op die integriteit van elke aanbieder.

2.3 P/D aktiwiteite en kampe

Die program is weer vol kampe en aktiwiteite vir die kinders en is aanmoediging om dit by te woon feitlik nie nodig nie – die kinders is gretig om soveel moontlik geleenthede by te woon.

Offisiere, kom ons help vanjaar die aanbieders van kampe en aktiwiteite om te verseker dat ons jeuglede betyds inskryf; laat weet asseblief vir kampleiers indien daar 'n jeuglid in u kommando

onttrek of indien iemand slegs ‘n gedeelte van ‘n kamp of aktiwiteit gaan bywoon. Dit veroorsaak frustrasie en baie ongelukkigheid. Kom ons gee ook aandag aan sperdatums en weerhou ons daarvan om laat in te skryf vir aktiwiteite.

2.4 Ontdekkers - Voorskoolse Jeuglede

Daar bestaan baie verwarring oor ons jong Voortrekkertjies. **‘n Jeuglid is in Gr R in die jaar waarin hy/sy ses word.** Volgens Hoofstuk 3 van die Reglemente is ‘n jeuglid in Gr R/Gr 0 ‘n volwaardige jeuglid. Hulle betaal ledegeld, word ingelyf, dra aktiewe en formele drag en kan in aanmerking kom vir al die toekennings wat deur Die Voortrekkers gemaak word. Graad R jeuglede ontvang dus ook ‘n wit graadwiel en ‘n oranje skei indien ledegeld vir die jaar betaal is. Daar is egter nie spesialisasies vir Gr R leerders nie.

‘n Ontdekker is ‘n jeuglid **VOOR** Gr 0/Gr R m.a.w. wanneer ‘n jeuglid jonger as ses is, is hulle nog ontdekkers. Hulle kan wel aan aktiwiteite van Die Voortrekkers deelneem. Hulle word geregistreer as Voortrekkers, maar betaal nie ledegeld nie; hulle volg nie ‘n spesifieke werksprogram nie en ontvang nie enige getroue diens erkening nie. Hulle word ook nie ingelyf as Voortrekkers nie, maar mag **aktiewe drag** dra.

2.5 Voorslagvoorbereiding

Die nuwe Voorslagliedjies vir 2018 kom almal uit sangbundels wat gedurende 2017 versprei is. Die liedjies is ook reeds op die webblad beskikbaar.

Die Wese, doelstellings, kode en die integrasie met die ABC soos wat dit by 2017 se Kongres goedgekeur is, tree vanjaar in werking. Dit beteken dat die Voorslagkandidate vir 2018 die nuwe wysigings moet leer en ken.

2.6 Hulpmiddels vir P/D offisiere

Daar is reeds goeie vordering gemaak met verskeie hulpmiddels vir offisiere. Daar is lesplanne gelaai op Kaapland se webblad, die Selfdoen handwerkpakkies en die Praktiese Handleiding wat uitgegee is aan elke offisier. Daar is ook verskeie speletjies soos die “Wie en wat pas waar” bordspeletjie, legkaarte ens., wat reeds beskikbaar is, maar tog is daar nog steeds ‘n behoefte aan hulpmiddels.

Ek wil elke offisier uitnooi om enige lid van die Gebiedskomitee P/D Sake te nader met voorstelle, idees en behoeftes wat u het waarmee ons dalk in die toekoms kan help sodat ons interessante en goedgebalanseerde aktiwiteite vir ons jeuglede kan aanbied.

Kom ons verbind ons daartoe om vanjaar deur ons dade en ons woorde te getuig dat Voortrekkers spesiaal is. Kom ons ondersteun mekaar, vat hande tot voordeel van ons kinders.

3. Verkennersake

AGL Hannalize Varley

Ek wens uit my hart vir elke Verkenner, Verkenneroffisier en almal wat deur die jaar by die verkenners betrokke is, ‘n geseënde jaar toe! Ek bid dat die Here vir u elkeen in hierdie jaar sal lei dat die Gees ons gedrag sal bepaal deur - liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid en getrouheid.

3.1 PV Inskrywings 2018- eksamen aflegging

Baie dankie aan elke kommandolid wat betrokke was by die inhandiging hiervan. Daar was ‘n paar haakplekke wat ons reeds met u opgeneem het en ons hoop om alles op die laatste teen einde Januarie 2018 te ontvang. Op nasionale vlak is besluit om die uitnodigings einde Februarie 2018 te

rig aan suksesvolle kandidate wat aan al die vereistes van die PV proses voldoen het, vir die skryf van die Nasionale Presidentverkenner eksamen op Maandag, 16 April 2018.

Soos reeds aan u gekommunikeer sal die eksamen elektronies geskied. In Kaapland sal dit steeds in oordverband hanteer word, soos in die verlede. Ek glo u het reeds ondersoek ingestel oor sentrums of skole wat u kan akkommodeer.

Ek sal weer later met u kommunikeer om seker te maak almal ontvang die inligting, maar daar sal in Maart 2018 'n geleentheid gegee word aan elke PV kandidaat om 'n skyneksamen op 'n rekenaar af te lê. Daardeur sal hulle die geleentheid kry om hulleself te vereenselwig met die formaat van die vraestel in April. Baie sterkte aan al die offisiere met julle laaste voorbereidings van die kandidate.

Daar sal ook vanaf 24 Januarie 2018 'n hulpmiddel op die SAS stelsel onder Verkenners wees vir die PV kandidate om hulle behulpsaam te wees met voorbereiding van die nasionale eksamen.

3.2 Verkenners 2018 – Vorentoe!

- Die Verkennerlewe – finale boek is nog nie beskikbaar nie, aangesien die komitee wil seker maak dat die nuwe boek in lyn is met die res van Die Voortrekkers en ook van absolute hoë gehalte is en daarom neem dit ongelukkig tyd. So ons gebruik steeds die Verkennerlewe 2006 soos op die SAS stelsel beskikbaar, saam met die Erratum.

- Dit is belangrik dat elke verkenner kennis neem van werêldsake en u is die skakel om hulle vanaf graad 8 reeds op te lei om te weet wat aangaan in ons samelewing, sodat hulle kan saampraat en ingeligte besluite kan neem en dit nie te los tot hulle kennis moet dra vir die nasionale PV eksamen nie.

- Prospektus 2019 vir huidige graad 11's wat dan in 2019 hulle nasionale eksamen moet skryf, sal Woensdag 24 Januarie 2018 op SAS gelaai wees.
  http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur/Verkenners/PV Proses 2019
  - Maak nou reeds seker dat elke verkenner weet wat uitstaande is om te kwalifiseer sodat dit betyds aangespreek sal word.
  - Vir hierdie inskrywings gaan daar nie meer toegelaat word dat rubrieke/portefeuljes wat nie 100% voldoen aan die vereistes, tyd gegee word om dit af te handel nie. Daarom is dit van uiterste belang dat dit sommer vroeg in die jaar aangespreek en afgehandel moet word.
  - Sluitingsdatum vir 2019 inskrywings is dan 31 Oktober 2018 by die gebiedskantoor.

Bogenoemde skakel is dan ook waar u enige inligting rondom die verkenners sal kry. Kontak my gerus indien daar enige vrae of onduidelikhede is of enige voorstelle van julle kant.

Ons is 'n span in Die Voortrekkers en ons elkeen se doel is om die beste wat ons kan vir die jeug te bied en oor te dra. Daarom rig ek 'n versoek aan elke kommando/offisier om julle sukses van aanbiedings, metodes, hulpmiddels, raad, planne, ensovoorts, wat ookal 'n verskil aan ander verkenners kan maak, met ons te deel. Kom ons span saam om die jeug die beste jare van hulle lewens te bied met net die beste van die ooste tot die weste, die noorde tot die suide!

4. Volwasse Sake

AGL Lizle van Tonder

Dit is baie belangrik dat alle beginneroffisiere die Intree- en Spanhanteringkursus voltooi. Ek wil 'n beroep doen op elke kommandoleier om so gou moontlik 'n geleentheid te skep vir nuwe offisiere in u kommando om die Intreekursus te voltooi. Kontak u Taakgroepvoorsitters om te reël vir die aanbieding van Intreekursusse in u kommando of oorde. Indien dit onmoontlik is vir die nuwe offisiere om dit by te woon, wil ek u aanmoedig dat hulle dit aanlyn doen. Gaan na Kaapland Voortrekkers se webblad

(www.kaaplandvoortrekkers.org.za) en klik op die “Meer Besonderhede” skakel onder Offisiere en Heemrade. U sal daar ‘n skakel vind wat u direk sal neem na die aanlynkursusse (www.vorieopleiding.co.za/moodle). Registreer vir ‘n kursus en voltooi dit op u eie tyd.

4.1 Opleidingnaweek 9-11 Februarie 2018

Die opleidingnaweek van 9-11 Februarie 2018 op Wemmershoek is die ideale geleentheid vir offisiere om die spanhanteringkursus te doen. Hierdie kursus is nie net vir nuwe offisiere nie, maar vir elke offisier wat voel dat hy weer verfris wil word met spanhantering. Bestuur word ook aangebied, so hier is die ideale geleentheid vir almal wat nog nie Bestuur gedoen het nie. Daar gaan ook ‘n opleidingsessie wees vir offisiere met graad 6 & 7 spanne oor voorslagvoorbereiding. Die ander kursusse is Afrikanerlewe en Volkdanse, so stof julle skoene af en kom dans saam.

Hiermee nooi ons elke offisier in Kaapland uit na die naweek van 9-11 Februarie 2018. Kom woon die opleidingsnaweek op Wemmershoek by. Ons is bevoorreg om die Hoofdagbestuur dieselfde naweek op Wemmershoek te ontvang wat daarna uitsien om ons Kapenaars te ontmoet.

Onthou:

Ons moet nie wag vir geleenthede om na ons toe te kom nie. Ons moet geleenthede skep. Kom ons benut hierdie kwartaal elke moontlike opleidingsgeleentheid om ons as volwassenes toe te rus vir ons taak as offisiere in ons Kommando en Oord

5. Finansies

AGL Johan Minnie

5.1 Groete vir die jaar

Aan die begin van 2018 kan ‘n mens sekerlik darem net ‘n oomblik neem en alle Kaaplandse Voortrekkers net die beste toewens vir die jaar.
Die finansies portefeulje op Kaapland se gebiedsdagbestuur se doel is om Kaapland te ondersteun deur die geldsake uit te sorteer sodat Voortrekkers kan aangaan met dit wat Voortrekkers doen. Op elke bestuursvlak van Die Voortrekkers moet Finansies ondersteuning bied om te verseker dat Die Voortrekkers goed funksioneer en volhoubaar is. In Die Voortrekkers werk ons met ander mense en meestal Die Voortrekkers se geld, en daarom moet ons goeie rentmeesterskap aan die dag lê, deursigtig wees en in die beste belang van Die Voortrekkers optree sodat meer kinders die Voortrekkeravontuur kan meemaak.

Ek sien uit daarna om deur die volgende jaar saam te werk met die persone wat na die finansies, eiendomme en terreine van Kaapland Voortrekkers omsien en om finansies vir Kaapland te laat werk.

5.2 Ledegelde 2018

Ledegelde vir 2018 is vanaf November 2017 betaalbaar en moet voor 30 April 2018 betaal word.

Ledegelde vir 2018	**Betaal voor en tot 30 April 2018**	**Betaal na 30 April 2018**
Jeuglede	R435.00	R535.00
Staatmakers	R435.00 (R235 indien genoeg ABC punte)	R535.00 (R335 indien genoeg ABC punte)
Offisiere	R235.00	R335.00
Heemrade	R217.00	R217.00

5.3 Laat die geld werk – aandag AOL Fin, AKL Fin, kampleiers en terreine komitees

Elke bestuursliggaam in Die Voortrekkers het ‘n verantwoordelikheid om goeie rentmeesterskap te beoefen ten opsigte van die geld wat hulle namens Die Voortrekkers hanteer. Deel van hierdie rentmeesterskap is om te woeker met die geld - om Voortrekkergeld te laat werk vir Die Voortrekkers.

U sal bewus wees dat Die Voortrekkers tans saam met die Voortrekkermaatskappy en die Hoofbestuurstrust besig is om ‘n lening af te betaal wat Kaapland eiendom soos Wemmershoek op risiko geplaas het. Dit gaan goed met die lening se terugbetaling en ons behoort binnekort vir mekaar te kan sê dat die lening afbetaal is en Kaapland se eiendomme weer veilig is. Ongelukkig veroorsaak die terugbetaling oor die kort termyn kontantvloeiprobleme vir Die Voortrekkers en hier is daar nou ‘n geleentheid om mekaar te help binne die Voortrekkerfamilie.

Soos u weet is ledegelde teen April betaalbaar aan Hoofbestuur, en Hoofbestuur moet wag vir hierdie inkomste om die lening te help betaal. Intussen is daar maandeliks rente van 10.25% (prima) betaalbaar op die uitstaande lening. Met die beginsel in gedagte dat mens duur skuld afbetaal voordat jy geld laat rondlê in bankrekeninge wat minder rente verdien (die beste rente op jou geld is tans omtrent 7.2%, kyk gerus na jou eie bankrekening om te vergelyk) as wat jy betaal (prima – 10.25%), is daar nou ‘n geleentheid vir alle bestuursliggame binne Die Vooortrekkers om goeie rente op hul kapitaal te verdien binne Die Voortrekkers. Indien bestuursliggame ledegelde vooruit kan betaal aan Hoofbestuur, sal Hoofbestuur dan die prima rentekoers aan die betrokke bestuurliggaam betaal tot op datum wat die ledegeld betaalbaar is.

In kort, Hoofbestuur sal eerder rente betaal aan ander Voortrekkers as aan ‘n bank. Kyk gerus watter rentekoers u Kommando / Oord verdien op enige geld in die bank en oorweeg dit asseblief om Hoofbestuur by te staan in hierdie saak. U kan my gerus kontak indien daar enige vrae is of indien verdere verduidelikings nodig is. (JohanMinneVTK@gmail.com)

6. Bemarking

AGL Johan Maree

Baie welkom by ‘n jaar van nuwe bemarkingsgeleenthede. Ons slagspreuk vir 2018 is: “Voortrekkers Vorentoe”; gebruik dit asseblief in alle bemarkingstukke soos advertensies, pamflette, ens.

Dit is nou die tyd om skole, kerke en ander voederbronne te nader. Kry toestemming vir pamflette uitdeel of spreukbeurte by oueraande. Laat weet as jul hulp verlang met enige pamfletontwerp of ander hulpmiddels. Daar is reeds ‘n skatkis van hulpmiddels op die Voortrekkers se amptelike webblad. Teken aan op SAS, gaan na Dokumentasie, dan Inligting en dan Bemarking.

Ons beklemtoon weer dat ons wens is dat Voortrekkers op almal se lippe sal wees. Daar moet gesprek gevoer word oor die Voortrekkers op alle terreine.

Van Kaapland se Gebiedsbestuur se kant af gaan ons daadwerklik met sosiale media probeer om soveel as moontlik huisgesinne, organisasies, groepe en/of persone te bereik.

Die “Facebook” blad van Kaapland Voortrekkers gaan ongelukkig moet verander; die vorm waarin dit oorspronklik opgestel is, voldoen nie meer aan ons behoeftes vir ‘n suksesvolle bemarkingsinstrument nie. Hou asseblief die blad dop en “hou van” (like) die blad die oomblik wat dit bekendgestel word. Deel(share) ook asseblief advertensies/bemarkingsfotos onmiddellik met alle vriende en groepe.

Beste groete en dankie vir jul diens.

7. Staatmakers

GSD Susann Marais

Dit is die begin van ’n nuwe jaar en al die lekker kampe en aktiwiteite lê weer voor. Ek sien veral uit na kommandokampe en -afskopaktwiteite waar daar nooit genoeg waatlemoen kan wees nie. Ek hoop dat al die Staatmakers net so opgewonde is soos ek om saam te gaan kamp by gebiedskampe- en -aktiwiteite. Ek gee ook die volgende inligting oor Kaapland Staatmakerspandrag:

Prys: R100-R120 (Die prys hang van die groepnaam en ekstra borduurwerk af)

Afsnydatum vir bestellings: 28 Februarie 2018

Hempie-beskrywing: Kaapland Staatmakers sal agterop geborduur word en voor die groepnaam en die Voortrekker logo.

Ek sal al hierdie inligting en bankbesonderhede na al die groepe versprei en bestellings sal groepverband plaasvind. Ek sien uit daarna om ons volgende groepfoto in Kaapland Staatmaker-spandrag af te neem.

Voortrekkers Vorentoe…Hou Koers!
Die Gebiedsdagbestuur